# Streek is droog by halfpadmerk

Deur **Amelia Genis**

Halfpad deur die graanseisoen wat vanjaar in die meeste dele van die Swartland reeds laat begin het, is dit droog in dié streek.





**Kanola kleur die Swartland geel.**

Boere in die Swartland bly optimisties oor die huidige graanseisoen, maar is bekommerd oor die uitwerking wat die min reën in Julie uiteindelik op opbrengste kan hê; veral as hulle nie nat en koel weer in Augustus kry nie.

Hoewel min reën in Julie nie ideaal is nie, meen boere dis die mins kritieke tyd van die groeiseisoen; solank dit nie te lank aanhou nie en toestande beter is in Augustus en September.

Boere van Moorreesburg sê die genoegsame grondvog wat hulle ná goeie reën in Junie gehad het, is uitgeput deur die betreklik warm weer en oostewind in Julie. In die derde week van Junie het die koring nog goed gelyk, sê mnr. Cobus Bester van UD Boerdery, Moorreesburg. Hy is egter bekommer oor wat die gevolge gaan wees as die droë toestande tot in Augustus voortduur.

Ook by die De Waals van die plaas Drieheuwels, Moorreesburg, lyk die koring baie mooi, maar mnr. Philip de Waal sê die oostewind van Julie het die 160 mm reën wat hulle tot dusver vanjaar gekry het, vinnig afgedroog. Verder het hulle in die verlede dikwels goeie oeste behaal ten spyte van 'n droë Julie.

Mnr. WG Treurnicht van die plaas NuHoop, Porterville, een van die boere vir wie die graanseisoen goed begin het met 28 mm in die laaste week van April, sê in Ju-

**Boere in die Swartland kan goeie koringopbrengste behaal as dit in Augustus en September genoeg reën.**

lie was dit daar ook droog, maar die droër toestande het gehelp dat die koringplantjies beter wortelstelsels ontwikkel. Dit kan meebring dat die plante vog beter kan benut.

Hy meen nie die koring wat nou in die stadium voor aarvorming is, het enige skade gekry nie. In teenstelling met Moorreesburg, waar graanlande onder wind en warm weer deurgeloop het, is verdamping daar laag vanweë die koel weer. Treurnicht sê die droë weer het 'n ongunstige uitwerking op die kanola wat nou in die namiddag begin verlep. As dit nie was vir die mis en lae verdamping van die afgelope droë weke nie, sou die prentjie dalk anders gelyk het.

By Piketberg en Eendekuil was die winterreënval tot dusver goed. Die boere daar het ook nie die uitdrogende winde wat Moorreesburg geteister het nie, gehad nie.

### Opbrengs beïnvloed

Hoewel dit te vroeg is om te sê presies wat die uitwerking van die droë Julie kan wees, sal dit beslis 'n uitwerking hê op die opbrengs wat teen oestyd behaal word, sê prof. André Agenbag van die departement agronomie aan die Universiteit Stellenbosch. "Normaalweg is koringplante in Julie in 'n minder gevoelige stadium, maar die droë weer gaan tog 'n uitwerking op opbrengs hê."


In droogte gaan koringplante gewoonlik vinnig deur hul groeistadiums. Dit het minder halms, kleiner are, minder pitte en uiteindelik 'n laer opbrengs tot gevolg.

Vir koring wat vroeg in Mei geplant is, was daar genoeg tyd om goed te stoel en biomassa te produseer. Daardie plante behoort nie so gevoelig te wees vir droogte nie.

Agenbag sê die gevaar kom in waar dié koring vroeg in die aar begin kom en sy halms vanweë 'n gebrek aan vog afgespeen word. Koring wat laat – einde Mei of begin Junie – geplant is, gaan dalk nie stoel nie. As die droë weer nog twee weke ná 22 Julie voortduur, kan 'n groot uitwerking op die opbrengs verwag word. Soos vele boere, sê Agenbag as dit Augustus nog goed reën, behoort die verlies nie so groot te wees nie.

Dr. Johann Strauss, senior navorser in die plantproduksie-instituut van die Wes-Kaapse departement van landbou op Elsenburg, het in Julie gesê die Swartland het dringend reën nodig. Toe het die kanola-aanplantings in sy proewe op Langgewens reeds begin verlep en die ander gewasse het ook begin swaar trek. Hoewel dit toe nog nie 'n verlore saak was nie, was sowat 25 mm reën dringend nodig.

Hy sê hoewel hulle weet dat daar gereeld droogteperiodes in die winter kan voorkom, kan die potensiaal wat aan die begin van die seisoen geskep is, nie bereik word as die droë tydperke te lank aanhou nie. Dis veral in die geval van koring dat die potensiaal (grootte van die are en aantal sy-are) in die vroeë groeistadiums vasgelê word en enige stres gedurende die seisoen kan veroorsaak dat van die sy-aartjies afgespeen word. "Die laat begin van die seisoen bly 'n probleem omdat dit die gewasse se groeityd verkort en meebring dat die oes laer kan wees as met 'n langer seisoen. As Augustus en September koel en vogtig bly, kan die prentjie verbeter." LB


Die John Deere E1000 aanlyn drupper het 'n tweeledige konstruksie vir makliker instandhouding,' n multi-uitlaat aansluiting wat koppeling vergemaklik, en 'n lae profiel wat meer prakties is. Doen navraag by jou naaste besproeiings handelaar oor die nuwe E1000 drupper.

JOHN DEERE WATER

JohnDeereWater.com

Versprei deur

agriplas

www.agriplas.co.za

KAAPSTAD – Hoofkantoor
Posbus 696, Brackenfell, 7561
Tel: +27 21 917 7177
Faks: +27 21 917 7200

GAUTENG
Posbus, 11052, Randhart, 1457
Tel: +27 11 908 2204
Faks: +27 11 908 5312

MPUMULANGA
Suite 63,Postnet X 11326,
Nelspruit, 1200
Tel: +27 13 755 3510
Faks: +27 13 755 3505

Epos: sales@agriplas.co.za